SA GEMEENTE
SA CONGREGATION




'God is ons toevlug en ons krag..'Psalm 46:2

# Tema vir die Maand

## In die hitte van die stryd

In die hitte van die stryd, wanneer die wêreld om ons woed,
Vind ons onsself vasgeklou in die draaikolk van die lewensvloed.
Die pad voor ons is donker, en ons hart is vol van vrees,
Maar in hierdie oomblik van beproewing, kom ons nader aan die Gees.
Ons word herinner aan die waarheid wat ons glo,
Dat God ons nooit sal verlaat nie, Sy krag kom van binne en bo.
In sy Woord vind ons vertroosting, en in gebed kry ons die krag,
In die hitte van die stryd, kan ons leun op Hom elke dag.

In die hitte van die stryd, moet ons altyd onthou,
ons geveg is nie alleen nie, al voel ons ook hoe flou.
Deur geloof in Jesus Christus, is ons verbind in Sy Een Naam.
Ons dra mekaar se laste, versterk mekaar se hande,
en loop die kronkelpad met mekaar saam.
Ons bid vir mekaar, voor die troon van Genade
In die naam die Gees, die Seun en die Vader.

In die hitte van die stryd, is dit God wat leiding gee,
Hy is die een wat ons beskerm, en ons swartste merk afvee.
In die hitte van die stryd, is Hy ons toevlug en ons anker.
Laat ons dus, in die hitte van die stryd, op God vertrou,
Ons harte en ons siele aan Hom toevertrou.
Deur sy genade en sy krag, sal ons oorwin,
En in die vrede van sy teenwoordigheid, sal ons rus vind binne-in.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • JUNIE 2023

# Maandelikse Bybel Bespreking

## IN die hitte van die stryd

'God is ons toevlug en krag.' (Psalm 46:2)

Geliefdes, luister na die woorde van Psalm 46:2: "God is vir ons 'n toevlug en 'n sterkte." Hierdie vers herinner ons aan die onwrikbare waarheid dat ons 'n God het wat ons nooit verlaat nie. Hy is altyd daar, ons rots in tye van nood, en Hy bied 'n toevlug en krag aan almal wat Hom soek.

In die Bybel hoor ons op verskeie plekke hoe God gelowiges se uitdagings gebruik om hulle geloof te versterk. In hulle stryd vir oorlewing het God die volk deur die see en woestyn gelei. In die hitte van die vuuroond het God se engel vir Sadrag, Mesag en Abednego beskerm. In die hitte van die stryd het Dawid Goliat verslaan in die Naam van die Here.

In die onstuimige wêreld waarin ons leef, mag ons dikwels voel asof ons omring word deur moeilikhede en bekommernisse. Dit is in hierdie oomblikke dat ons die waarheid van Psalm 46:2 moet onthou. God is nie net 'n toevlug nie, Hy is ons enigste werklike toevlug. Hy is ons hulp in benoudhede. Hy is die bron van vrede wat al ons vrese en angs oorwin.

In die hitte van die stryd, wanneer ons die storms van die lewe ervaar, mag ons vertroue dalk wankel, maar God bly onveranderlik. Hy is nie net 'n hulp in tye van benoudheid nie, Hy is die bron van ons krag en moed.

Seënwense,
Andrè



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE

'FUN DAY'
GAIN WATER APPEAL
JO BLACK - MANNE 'LUNCH'
JO BLACK - KONSERT
RESEP VAN DIE MAAND
ONS JONG MENSE PRESTEER
VADERSDAG
ARMS AND LEGS FOR OTHERS
LEKKER LAG
DOELWITTE VIR JUNIE
KONTAK ONS

# LOUGHTON FUNDAY

**Dit gaan 'n heerlike kuier dag wees!**




Daar gaan vetkoek, braaivleis, koeksisters, melkterte, 'n tee tuin en nog vele meer wees!!

Kom kuier saam by Theydon Bois Village Hall, Coppice Row, Theydon Bois, CM16 7ER

**Ons Het Jou Hulp nodig by....**

Opstel en Opruim
Braaivleis
Vetkoek
Tieners - wat pannekoek bak
Teetuin
'Kidz Corner'
Kaartjie verkope
Wil jy jou produkte uitstal?

Laat weet asb vir Dirk waar jy kan help 07540689949 /

Kontak Ena by ena@sagemeente.com vir meer inligting.




**Water is essential to life.
It is a basic human necessity.
Yet almost 1 in 8 people on the planet right now still don't have access to safe water.**

490 million people are forced to use dirty, bacteria-infested water that makes them sick and robs them of their time, dignity, health, education, and the opportunity to live an abundant life.

More than 829,000 are estimated to die each year from diarrhoea as a result of unsafe drinking-water, sanitation and hygiene. For many children, it's a death sentence.

## How you can partner:

- committing to a monthly gift of £10, £25, or £50 would contribute to ongoing well drilling projects
- a gift of £75 provides clean water for 10 people
- £7,500 will fund a well for a village, as well as hygiene and sanitation training, which you can sponsor as an individual, church, or business.

**give.agape.org.uk/water**

# SA GEMEENTE
## SA CONGREGATION

**We dream of a world where human flourishing is restored and where water poverty is eradicated.**

**Since 2002, GAiN has been providing rural villages with wells, ensuring fresh, clean water for their people. We do this by drilling 50-80 metres down, tapping into the water supply and setting up a deep -capped well. Alongside the construction, GAiN provides training on hygiene and sanitation practices, gender sensitivity and community health.**



Benedict, from Adjalagan in South Benin, talks about the difference a well has made since it's construction 10 years ago,

"In a GAiN training, we realised that we should go to the clinic for the birth of children. We learned that going to school is important and we began sending our children to school. Many things have changed in our lives. It is as if we were in darkness and GAiN brought us to the light."



This year, together with generous partners from all over the world, we are nearing the goal of seeing 3 million people access safe water. Could you help us reach this milestone?

**Bring clean water to 3 million: give.agape.org.uk/water 1**

**GAiN UK**, c/o Agapé,
167 Newhall St, Birmingham,
B3 1SW | 0121 765 4404
www.globalaidnetwork.org.uk
info@globalaidnetwork.org.uk
@GlobalAidNetUK

GAiN

GAiN UK is the humanitarian partner of Agapé UK

Registered with FUNDRAISING REGULATOR

agapé uk

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION




# Jo Black-Manne 'Lunch'

# *Live.....*

8 Julie 2023
12:00-14:00
Manne kom luister na Jo se boodskap.
Die tema is '*Be that guy...*'.
Na die boodskap is daar heerlike boereworsrolle en baie geleentheid vir kuier en gesels.
Koste vir die kuier is £10 per persoon.
Bespreek jou plek vir die 'Lunch' hier.
Roding Valley High School,
Loughton, IG10 3JA

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • JUNIE 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION




# Jo Black

## *Live.....*

## Vir die hele gesin.

8 Julie 2023
18:00-21:30 (deure open 17:30)
Roding Valley High School,
Loughton
IG10 3JA
Kostes £36 per persoon
**Moenie hierdie spesiale aand mis nie.**
***Koop jou kaartjie hier***

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • JUNIE 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Crouton- en - kaasslaai



**Bestanddele:**
8-10 snye witbrood in 0.5 cm blokkies gesny
Bietjie sonneblom olie
5 ml knoffel-en-kruiegeursel

**Gekookte slaaisous:**
2 eiers
150 ml suiker
15 ml mosterdpoeier
100 ml witasyn
sout en peper na smaak

**Bediening en garnering:**
50 ml mayonnaise
50 ml room
125 ml klein blokkies geurryke kaas bv cheddar, Tusser's, Edam, Emmenthal
Gekapte Pietersielie of vars vinkel
Opsioneel: Agurkies in skyfies gesny

**Metode:**
Sprinkel bietjie olie oor die brood blokkies en rooster dit in die oond vir 10 min tot dit mooi goudbruin is.
Plaas die sousbestanddele in 'n swaarboomkastrol, kook oor lae hitte en roer voortdurend met 'n ballondraadklitser totdat dit verdik. Geur en laat afkoel.

**OF**

Plaas die sousbestanddele in 'n bak en klits baie goed totdat dit skuimerig is. Mikrogolf 1 minuut lank op HOOG, klits goed met 'n ballondraadklitser en mikrogolf nog 1 minuut lank. Klits goed en verhit 1 minuut lank op MEDIUM of totdat die sous verdik en skuim bo-op verskyn. Klits goed, geur en laat afkoel.

Om die slaai 'n kort rukkie voor opdiening te voltooi, roer die mayonnaise en room by die afgekoelde sous.
Meng die afgekoelde croutons met die kaas, roer liggies en skep in 'n slaaibak.
Net voor dit opgedien word giet soveel sous as wat verkies word oor, en garneer met pietersielie.
Sit die oorblywende sous in 'n aparte bakkie of bêre dit in die yskas vir latere gebruik.

*Baie dankie Sunel Hamman vir die deel van jou staatmaker resep!*

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • JUNIE 2023

# Ons Jong mense presteer....



*Hier in Engeland het elke village, dorpie of distrik verskeie musiek groepe, orkeste en 'bands' waar mense van 'all walks of life' bymekaar kom en saam musiek maak. Saam deel jy die universele taal van musiek. Ek is so dankbaar dat ons kinders die geleenthede het en die gawe van musiek met hulle kan saamneem, waarheen die lewe hulle ook al lei.*
*Die volgende woorde van Hans Christian Andersen bly my by:*
***'Where words fail, music speak.'***



Ek sit en luister hoe **Luke** oefen aan Haydn se Trompet konsert ter voorbereiding vir sy Graad 6 eksamen, en dink terug aan die dag toe hy op 5 jarige ouderdom met groot entoesiasme by die huis aangekom het. Daar was 'n demonstrasie van die trompet by sy skooltjie. Met groot oë het hy aan ons vertel: 'One day I am going to play trumpet for the Queen!" en van daar af kyk hy nog nie terug nie.
Nou, 8 jaar later het hy die wonderlike geleentheid om trompet in 4 verskillende orkeste by sy skool te speel, en geniet hy elke oomblik. Ons dink terug aan die wonderlike 'Spring Concerts' die jaar by sy skool en is baie dankbaar vir dit wat Davenant Foundation Skool vir hom bied. In Januarie het hy Graad 5 klavier eksamen met onderskeiding geslaag, ook met die volgehoue ondersteuning van sy musiek onderwyser op skool.
**Ayla** het op 5 jarige ouderdom begin klavier speel en werk hard aan die uitbreiding van haar repetoir. Haar gunsteling komponis is Ludvico Einaudi en sy oefen hard aan 'Elegy for the arctic' vir haar Graad 5 eksamen in Julie. (Gaan luister gerus op YouTube na die stuk, dit is aangrypend) - **(1) Ludovico Einaudi - "Elegy for the Arctic" - Official Live (Greenpeace)** - YouTube
Januarie 2020 het Ayla besluit sy wil graag leer Oboe speel. Sy sou in April 2020 met lesse begin maar as gevolg van die pandemie moes ons dit uitstel na September 2020. Na twee lesse in September stop die beperkings alle 'face to face' kontak vir 7 maande. Die onderwyseres wou die lesse stop maar Ayla was gedetermineerd om 'online' voort te gaan en in November 2022 slaag sy haar graad 3 Oboe eksamen met lof.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Vadersdag gebed

**spesiaal vir elke Pappa**

Ek dank U vir my vader se liefde so getrou
sy twee arms wat my altyd liefderik vashou

sy steun wanneer dit ookal goed gaan of sleg
met ferme woorde my hou op die regte weg

vir blyke van waardering as ek my bes probeer
ofskoon ek nie 'n wenner is, of goed presteer

dank ek U vir sy hande wat met ywer altyd werk
al is hulle grof, vol eelte, is hulle nog mooi sterk

ek dank U vir sy oë wat elke ding raaksien
al moet ek soms teregwysing, of straf verdien

ek dank U vir sy hart, wat vol liefde klop, so bly
die wonderlikste gawe, hierdie pappa van my

ek bid dat U hom spaar, hy is baie spesiaal
ek is só lief vir hom, Heer, dankie nog 'n maal.

deur Joan Lotz

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Arms and legs for others.

Bob Butler lost his legs in a 1965 land mine explosion in Vietnam. He returned home a war hero. Twenty years later, he proved once again that heroism comes from the heart.

Butler was working in his garage in a small town in Arizona, USA on a hot summer day, when he heard a woman's screams coming from a nearby house. He began rolling his wheelchair toward the house but the dense shrubbery wouldn't allow him access to the back door. So he got out of his chair and started to crawl through the dirt and bushes.

"I had to get there", he says. "It didn't matter how much it hurt". When Butler arrived at the pool there was a three-year-old girl, named Stephanie Hanes lying at the bottom. She had been born without arms and had fallen in the water and couldn't swim. Her mother stood over the pool screaming frantically. Butler dove to the bottom of the pool and brought little Stephanie up to the deck. Her face was blue, she had no pulse and was not breathing.

Butler immediately went to work performing CPR to revive her while Stephanie's mother telephoned the fire department. She was told the paramedics were already out on a call. Helplessly, she sobbed and hugged Butler's shoulder.

As Butler continued with his CPR, he calmly reassured her. Don't worry, he said. "I was her arms to get out of the pool. It'll be okay. I am now her lungs. Together we can make it".

Seconds later the little girl coughed, regained consciousness, and began to cry. As they hugged and rejoiced together the mother asked Butler how he knew it would be okay. The truth is, "I didn't know", he told her. "But when my legs were blown off in the war, I was all alone in a field. No one was there to help except a little Vietnamese girl. As she struggled to drag me into her village, she whispered in broken English, 'It okay. You can live. I be your legs. Together we make it' ". Her kind words brought hope to my soul and I wanted to do the same for Stephanie.

*There are simply those times when we cannot stand alone. There are those times when we need someone to be our legs, our arms, our friend.*


***Be someone's arms and legs during the month of June.***

Author Unknown

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION


# Lekker lag.....

What do you call a bee that comes from America?




USB

What do you call a belt with a clock on it?



A waist of time.

What do you call an elephant that doesn't matter?



An irrelephant.

What did the buffalo say to his son at school dropoff?




Bison.

What do you call a bear with no ears?



B.


This is my step ladder.




I never knew my real ladder.

What's the best thing about Switzerland?

I don't know, but their flag is a huge plus.



On what day of the week do chickens hide?



Fry-day.

Where should you leave your dog when you go shopping?



In the barking lot.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

4 JUNIE HUISKERK 9 UUR

11 JUNIE EREDIENS 9 UUR

18 JUNIE HUISKERK 9 UUR

25 JUNIE EREDIENS 9 UUR

## Doelwitte vir Junie


1. Neem aktief deel aan die eredienste
2. Dink positiewe gedagtes
3. Bid elke dag spesifiek vir iemand anders
4. Vertou God elke dag

## Gebedslys vir Junie

Bid vir:

- Ons Pappas
- Ons Oupas

## Seënwens vir Junie




## This months to do list:

Wait patiently - Psalm 27:14
Have faith - 2 Corinthians 5:7
Pray - Philippians 4:6
Think of others - Philippians 2:4
Trust in the Lord - Proverbs 3:5
Give thanks - Psalm 136

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • JUNIE 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00

**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

# Kontak Ena



Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com
noordwyk@sagemeente.com